

16 Junie

Skrifgedeelte: Galasiërs 6:11-18
Fokusgedeelte: Galasiërs 6:14-16

Bly by Jesus Christus, die Gekruisigde!

In ons samelewing speel ons so dikwels vir die paviljoen: Ek tree só op dat ek jou nie aanstoot gee nie. Ek pas bietjie aan sodat ek darem nog deur jou aanvaar sal word. Ek verander my denke sodat ek ten minste nog in tel is.

In die gemeentes in Klein-Asië het hierdie aanpas-leefstyl verwoestende gevolge gehad. Die Christene uit die Joodse wêreld wou by hulle eie volk aanvaarbaar wees. Hulle was nie bereid om in Jesus se voetspore die pad van die kruis te loop en deur hulle volksgenote eenkant geskuif te word nie. Daarom het hulle die Christene vanuit die heidenvolke gevra om hulle te besny. Hiermee het hulle die goeie nuus van Jesus Christus aangepas ... en dit alles ter wille van 'n goeie indruk in die samelewing (6:12).

Paulus reageer hard en duidelik. Hy neem self die pen in die hand en skryf (6:11): *BLY BY JESUS CHRISTUS ... DIE GEKRUISIGDE!*

Dit is die beginsel, die kanon, die stelreël (6:16): *BLY BY JESUS CHRISTUS ... DIE GEKRUISIGDE!*

Want aan die voet van Jesus se kruis sien ek God se trou, sy liefde, sy warm hart. By die kruis van Jesus word ék ontmasker, word my eie onvermoë en selfsug blootgelê. By en deur die kruis van Jesus maak die wêreld en wat mense dink, nie meer saak nie ... én begin ék kans sien vir die kruispad. In die kruis van Jesus sien ek: God is aan die werk ... Hy maak my nuut, Hy laat my lewe!

Daarom ... *BLY BY JESUS CHRISTUS ... DIE GEKRUISIGDE!* ... en ervaar hoe die Here jou sy rus en vrede gee, harmonie met Hom en met die mense om jou, hoe Hy jou oppas, hoe Hy jou nood raaksien en vanuit sy warm hart daarop inspeel en jou begelei en dra (6:16).

Wanneer bly ek by Jesus Christus, die Gekruisigde? Wanneer die Gees my beheers, dié Gees wat ons in die hele waarheid lei en wat Christus verheerlik (Joh. 16:12-15).

Sing: Skrifberyming 3-4:1-5

Ds. PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)